



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 18 Augustus – Hebreërs 11:29 - 12:2

Stil word en aanbidding: Deel iets van die afgelope week se ervaring as Christene in die stukkie wêreld waar jy leef. Hosea 11 het ons verlede week uitgedaag om aan te hou liefhê al maak dit ook seer ... want God sal nooit ophou om ons lief te hê nie.

Woord: Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees. Hebreërs 11 laat mens op 'n manier aan 'n foto-album dink. Om Hebreërs 11 te lees is soos om deur 'n foto-album te blaai en na die foto's van persone en gebeure te kyk wat 'n bepaalde invloed op jou lewe gehad het. Daar's foto's van ooms en tantes en grootouers, lank voordat jy op die toneel verskyn het; dan is daar die foto van jou waar jy op jou ma se skoot gesit het of saam met jou pa onder die sambreel; die eerste baba-foto's, skool- en gradeplegtigheidfoto's en troufoto's! Al die foto's maak herinneringe in jou wakker van mense wat in moeilike en goeie tye saam met jou was. Hebreërs 11 help ons kyk na die foto's in die galery van geloofshelde: die Israeliete droogvoets deur die Rooisee en wat die mure van Jerigo laat val het, Ragab wat die verkenners weggesteek het, Gideon, Simson, Dawid, Samuel, die foto's van hulle wat die triomf van hulle geloof ervaar het, maar ook van diegene wat in swaakheid gespot, gemartel en doodgemaak is. Blaai nou deur die foto-album (lees) van Hebreërs 11:29-12:2.

Gesprek

1. Wanneer julle deur Hebreërs 11 lees is daar verhale van triomf en glorie, maar daar is terselfdertyd ook verhale van lyding, vernedering, bespotting lyfstraf, gevangenskap, mishandeling en wrede dood. Bespreek onder mekaar wat dit vir julle sê oor die geloofsreis agter Jesus aan? Wat sou, na julle mening, die waarde daarvan vir mede-Jesus-volgelingen wees om deur die foto's van persone in die geloofsgalery te blaai?
3. Soms is daar 'n uitsigloosheid in die geloofstryd, met weinig of geen indrukwekkende korttermyn resultate om op te roem nie. Watter raad het julle uit die lees van Hebreërs 11 vir mense wat al moeg geroei is op die lewe se rug-breek-rivier?
4. Praat met mekaar oor die noodsaaklikheid daarvan om as navolgers van Jesus in die geloof aan God se goedheid, trou en die geloofwaardigheid van Sy beloftes vas te hou in tye van swaarkry. Wat leer Hebreërs 11 vir ons hieroor?
5. Bespreek die metafoor van geloof as 'n wedloop. Wat, dink julle, wil die skrywer vir ons in die wedloop hiermee sê? Dink na oor die betekenis daarvan dat ons die oog op Jesus moet hou (12:2), wat die Begin ("Baanbreker" of "Inisieerder") en Voleinder ("Afronder") van ons geloof is.

Geloofsgewoonte: Om God se beloftes in Sy Woord te memoriseer. Met hierdie gewoonte leer ons om deur middel van herhaling God se lewegewende beloftes te alle tye en onder alle omstandighede aan vas te hou, ten einde die geloof in ons aan te vuur. Skryf 'n belofte van die Here wat jy raak gelees het op 'n kaartjie en plak dit teen die yskas of spieël. Lees die belofte elke dag en herhaal dit totdat jy dit ken.

Afsluiting: Bid saam dat dit wat die gedeelte aan ons bekendmaak in ons lewens toegepas sal word.